

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-MAGALIESKRUIN

NUUSBRIEF

25 November 2018 **Nr. 695**

Ons verwelkom ALLE besoekers saam met ons in die huis van die Here!
Nuwe intrekkers – bly ASB vir 'n oomblik agter na die erediens sodat Ds Gert met u kan kennis maak!

Predikant:	Ds Gert Erasmus	Tel: 012 548 6228	Sel: 076 839 6973
Skriba:	Br Piet Prinsloo	Tel: 012 567 6109	Sel: 072 117 6117
Attes-skriba:	Br Neels Taljaard		Sel: 082 975 6444
Susterssake:	Sr Erica Arnold		Sel: 082 557 8721
Adminbeampte:	Magda Schoeman	Tel: 012 548 0913	
Kantoorure:	Dins, Don & Vry vanaf 08:00 – 13:00		
Koster:	Stefaans Dalisile		Sel: 079 558 7216
E-posadres:	admin@gkmagalieskruin.co.za	Webwerf:	www.gkmagalieskruin.co.za

EREDIENSTE

Oggend 08:00 Ds Nico Ligthelm

Skriflesing: Jesaja 40: 1 - 11
Teks: Jesaja 40: 9b
Tema: Julle God is hier!
Sang: Ps 46: 3, 6 Ps 130: 2, 4 Ps 42: 4, 5 Ps 73: 10, 12
Kollektes: Diens van Barmhartigheid Teologiese Studente

Aand 17:45 Ds Gert Erasmus

Skriflesing: Galasiërs 2: 11 - 21
Belydenis: NGB Artikel 24 (1)
Tema: God openbaar aan ons in Christus die ware betekenis van goeie werke!
Sang: Ps 38: 1 Ps 38: 14, 15 Ps 32: 3
Kollektes: Diens van Barmhartigheid Evangelisering

Deurkollektes volgende Sondae	Oggend	Aand
2 Desember	Evangelisering	Hulp in Kerkverband
9 Desember	Hulp in Kerkverband	Evangelisering

Preke op CD:
Plaas u bestelling op Magalieskruin se bestelvorm (knipbord regs op die trollie in die portaal) of telefonies by 012 548 3549 / 083 471 4098. Elke CD kan 2 volledige eredienste bevat, van dieselfde Sondag of van verskillende Sondae, of 3 net lees en preek.
Koste: R30 per CD enkel in kassie, R50 per 2 CDs in een dubbelkassie. Kry u CD in die rakkie op die trollie en plaas u betaling in die koevertjie wat saam met die CD kom en gooi asb in die kollektesakkie.

Preke op die webwerf:
Volledige eredienste is ook in klank beskikbaar.

VIR MEELEWING

'n Besondere welkom aan

- Ds Nico Ligthelm wat vanoggend se diens gaan waarneem. Ons bid hom die seën van die Here toe op die verkondiging van die Woord.

Meelewing

- Br Johan van Dyk (083 417 5591) wat in die hospitaal was.
- Br Eduard Mouton (082 448 2595) gaan 5 Desember vir 'n voetoperasie in Pretoria-Oos Hospitaal.
- Ons dink aan die volgende lidmate in ons gebede: Sr Rina de Jager (Montamed), Riekie Grobler (Montamed) en br Andries Nel (Huis Blymoedig).
- Ons dink aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke mediese prosedures moes ondergaan!
- Ons dink ook aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke operasies moes ondergaan! Sterkte met die herstel en die rehabilitasie!

Verjaardae

Mag die Here aan u 'n geseënde jaar en 'n dag vol vreugde gee!

November	Sondag	25	Magrietha Bartman	082 470 5767
		25	Ilze Feldtmann	076 100 7387
		25	Mariana Steyn	082 356 0477
	Maandag	26	Dianey Barbosa	083 381 3523
		26	Hertzog Schutte	082 325 0757
	Dinsdag	27	Hannes de Bruin	083 609 0140
		27	Pikkie Thiart	072 458 3988
		27	Riana Voogt	082 876 7695
	Woensdag	28	Theuns Pretorius	082 557 5057
	Vrydag	30	Fransina Brink	076 726 4131
		30	Jacobus Vreugdenburg	012 548 7073
Desember	Saterdag	1	Ina van der Merwe	760 504 0636

GEMEENTE-AKTIWITEITE

ALMANAK 2019:
Al die lidmate wat almanakke bestel het, moet dit asb kom afhaal by Magda se kantoor.

Preekbundel – Finalejaarsklas 2008
Ds Gert se finalejaarsklas van 2008 het die afgelope ruk gewerk aan 'n 10-jaar preekbundel. Op die kennisgewingsbord is 'n advertensie asook 'n lys om jou naam op te skryf as jy een wou bestel.

Preekbundel – Finalejaarsklas 2008
Al die lidmate wat die Preekbundel bestel het, moet dit asb kom afhaal by Magda se kantoor.

AAA (Aksie vir Alle Afgetredenes) – Afsluitingsete

Die AAA-groepie van die susters nooi alle afgetrede lidmate uit om saam te kom eet en kuier DV Dinsdag 27 November 2018 in die Kerksaal. Aankoms om 11:00 en kuier en eet! (**Let op die tyd !)**

Indien u die ete wil bywoon, voltooi asb die skeurstrokie en gooi in die kollektesakkie of gee vir Martie van Dijken of Magda in die Kerkkantoor **VANDAG!!!!**

✂----------

AAA-ete: 27 November 2018 (Magalieskruin)
Ek/Ons wil die ete bywoon

Naam en van: _____ Tel: _____

Aantal persone: _____ Ek/Ons benodig vervoer JA / NEE

Sangbord
Die sangbord-operateurs, wat so getrou deur die jaar die sangbord bedien, is amper almal tydens die Desember-skoolvakansie uitstedig. U sal dus vir die duur van die vakansie u eie Psalmboeke en Bybels moet saambring na die eredienste toe, of van toepassings op die selfoon gebruik moet maak. As daar egter ander lidmate is wat ook bereid is om met die sangbord te help (broers, susters, jongmense), kontak asb so gou moontlik vir br Hannes Spies (082 670 9509).

Magalieskruin se klankstelsel en CD-maak funksies:
Ons soek na iemand wat die verantwoordelikheid vir die gemeente se beheer en instandhouding van die klankstelsel kan oorneem. Die funksie sluit in die weeklikse verwerking van die klankopnames vir plasing op die kerk se webblad en die maak van CD's wat bestel word. Vir laasgenoemde is toepaslike sagteware en toerusting beskikbaar. Daar sal voldoende opleiding en aanvanklike begeleiding verskaf word. Kom praat asseblief met br Marten van Dijken indien u belangstel. (Huis: 012 548 3549 of Sel: 083 308 0294)

Bybelstudiegroepe

GROEP 3 (Stephanus van der Walt: – 012 567 2709 / 082 338 3216) – Ons vergader DV **Dinsdag 27 November NIE soos gewoonlik om 15:00 in die konsistorie nie.** Maar vir ons afsluiting skakel die wat wil, die oggend om 11:00 by die afsluitingsete van die Aksie vir Alle Afgetredenes (AAA) in.
Vir bywoning van die ete moet die skeurstrokie in die Nuusbrief asb **VANDAG** ingevul en in die dankoffersakkie geplaas word of vir Martie Van Dijken/ Magda Schoeman gegee word.
Bybelstudie vir groep 3, begin DV weer op 22 Januarie 2019.
Dankie vir elkeen se deelname die afgelope jaar, dit het ons almal verryk. Geseënde feestyd.

GROEP 1 (Henriette Schutte – 012 548 2295 / 082 325 0751) – Woensdag 28 November om 09:30 in die konsistorie. Saam probeer ons om die Psalms beter te verstaan. Alle susters is welkom, al wil jy eers net kom luister. Dit vra slegs 'n uur van jou tyd.

Eljadahuis
Onthou die "Bring-'n-Blik" projek (bring elke Sondag net een blikkie kos kerk toe) vir Eljada!! Hulle onmiddellike krisis is suiker, koffie, pasta en boksmelk. Die ander behoefte is nie-bederfbare items soos blikkieskos, pakkies tee, ontbytpap, broodsmere en toiletware. Enigiets wat in 'n huis gebruik word, behalwe luukshede (vir óns: "bederfies") is welkom. Ook daardie klein komplimentêre sepies, sjampoe en ander toiletware wat so lastig in jou huis rondlê, kan baie goed aangewend word hier. Hulle nood bly maar dieselfde vir daaglikse kos, klere en ander lewensmiddelle

VAN DIE SUSTERS

Teeskinkbeurte
Kom geniet 'n koppie tee of koffie onder die afdak!

25 November	Wyk D02	Hantie Briel	2 Desember	Wyk F04	Erica Arnold
	Wyk E06	Amanda Oelofse		Wyk F06	Estie Smith
	Wyk E08	VAKANT		Wyk F08	Riekie Prinsloo

VAN DIE KERKRAAD

Katkisasie
Gr 0-11: Vandag: Opening in die kerk, daarna ons Afsluiting vir 2018!!

Uitnodiging vanaf Montanapoort (Laerskool Jeug Afsluiting – Sat 1 Desember):
Die Dopperduimpies van GK Montanapoort nooi alle Laerskool kinders van ons gemeente uit na hulle jaarlikse afsluiting die 1e Desember om 12:00 by die kerkgebou. Dit gaan in die vorm van 'n boeresport en bring & braai plaasvind. Bring saam: Piekniekmandjie, hoed, sonbrandroom & handdoek. Daar word hout & sout voorsien. Ons soek asb getalle voor Vrydag 23e November (Laat weet vir Ds Gert sodat hy dit kan deurgee aan Montanapoort). Indien jy meer inligting benodig, kontak vir Ds Gert in hierdie verband.

Jeugbyeenkoms: 26 November 2018
ALLE jong werkendes & studente word uitgenooi na 'n geleentheid wat hier by ons gemeente plaasvind DV môre aand (Maandag 26 November 2018). Daar bestaan 'n geweldige leemte aan onderlinge gemeenskap onder ons jongmense! Ons wil met hierdie ontmoeting 'n geleentheid skep waar die jongmense mekaar kan ontmoet. Kom woon dit asb by! Plek: kerkgebou van Gereformeerde Kerke Magalieskruin & Montanapoort. Tyd: 19:00. Daar sal tee, koffie en verversings wees. RSVP: Ryno van Emmenis (079 562 9560).
Verandering van u persoonlike inligting

Verandering van u persoonlike inligting
Indien enige van u inligting verander het, soos adres, telefoonnommer, beroep of E-posadres, vra ons dat u asseblief die inligting na die kantoor toe sal deurgee.

KERSPROGRAM VANAAND BY GK KAMEELDRIFT OM 18:30
Hulle kuier ook saam met die baie bekende **Kevin Leo!** Almal welkom. Roomys met vrugteslaai word na die diens bedien. Vrywillige kollekte word opgeneem.

EREDIENSTE IN DESEMBER: GK Pretoria-Noord, GK Akasia en GK Wonderboompoort

Gedurende Desember en die eerste Sondag in Januarie hou Pretoria-Noord en Akasia elke Sondag gesamentlike eredienste. Dit begin om 09:00 en word om die beurt by ons en by Akasia se kerkgebou gehou.
Pretoria-Noord: 2 Des, 16 Des, 30 Des. Akasia: 9 Des, 23 Des, 6 Jan.
Op 25 Desember is daar om 09:00 'n gesamentlike diens by GK Wonderboompoort.

Beroepe Ontvang
- Prof J Smit (Johannes) van die Teologiese Skool Potchefstroom na Lichtenburg.
- Ds JC van Dyk (Jannes) van Ventersdorp na Durban-Noord.

Proponente deur verskeie streeksinodes beroepbaar gestel
- Proponent GD Oosthuizen (Orrie) Sel: 082 871 9007 E-pos: orrieo@hotmail.com
- Proponent HM Stavast (Herman) Sel: 082 410 5006 E-pos: hmstavast@gmail.com
- Proponent CJ Lemmer (Jaco) Sel: 083 610 2421 E-pos: lemmerjaco@gmail.com
- Proponent R Steyn (Ruan) Sel: 072 818 4439 E-pos: steyn.ruan1@gmail.com
- Proponent JD Mienie (Juan) Sel: 083 566 6550 E-pos: juanmienie@gmail.com
- Proponent HJ Coetzee (Herman) Sel: 079 308 5404 E-pos: ds.hermancoetzee@gmail.com

Dagboekdatums

Dinsdag	27 November	AAA Afsluitings ete!!	11.00
Woensdag	28 November	Bybelstudie (Henriette – konsistorie)	09:30

Ds Gert se dagboek

Maandag:	Jong werkendes ontmoeting	19:00
Dinsdag:	Huisbesoek	19:00
Woensdag:	Pretoria-FM opnames	08:00 – 13:00
Donderdag:	Admin vergadering	09:00 – 10:00
Vrydag:	Voorbereiding	

Admin asook onvoorsiene pastorale besoeke en hospitaalbesoeke word tussendeur gereël.